25.2.5
NOV 24 1955

PREPARATORY COURSE FOR COLOURED YOUTH (1)

The Division of Coloured Affairs offers the above course for Coloured boys who have left school.

Particulars are briefly furnished as follows:

1. PURPOSE OF COURSE

The purpose of the course is to prepare the boys to some extent for their later careers, and in that connection it is the special aim of the Division of Coloured Affairs to assist each boy, if at all possible, in securing suitable employment after the completion of the course.

2. NATURE OF COURSE

The courses, each of which will last about six months will be on non-military lines. They will not include technical training but will be based on general preparation, such as physical education, discipline and hygiene.

3. CENTRE

The courses will be held at Klaasjagersberg, where the Division of Coloured Affairs has the necessary facilities at its disposal. Klaasjagersberg is situate approximately 11 miles from Simonstown, the nearest railway station.

4. TRANSPORT

Each successful applicant will be issued with a train ticket at State expense, for the journey from his home station to Simonstown, while free transport will be provided between Simonstown station and Klaasjagersberg.

5. PARTICIPANTS

The first course will be limited to not more than 40 boys between the ages of 16 and 20 years, who have attained standard 4 or higher.

6. APPLICATIONS

Applications to attend must be submitted on the prescribed form, to reach the Commissioner for Coloured Affairs, Private Bag 176, Cape Town, on or before 15th December 1955.

7. MEDICAL EXAMINATION AND SERVICES

All boys attending the course will be medically examined by the district surgeon at State expense, on arrival at Klaasjagersberg. Provision is also made for medical attendance in the event of illness during the course.

8. CLOTHING, BEDDING AND OTHER REQUIREMENTS

Camp Clothes, shoes and bedding will be issued free to the boys for their use while attending the course.

9. DIET

In view of the importance of correct diet, particularly for youths, special care will be taken in the preparation and provision of the right food, with due regard to balanced diets as prescribed by experts.

10. ALLOWANCE PAYABLE DURING THE COURSE

In order to enable the boys attending the course to buy their own personal items, such as tooth paste, tooth brush, shaving soap, comb, etc., an allowance of 1/- per day will be paid to each boy while attending the course.

NOV 24 1955 K.10/1/4.

OPENINGSREDE (AFRIKAANS EN ENGELS) EN BESLUITE VAN KLEURLING-KONFERENSIE GEHOU TE KLAASJAGERSBERG VAN 4 TOT 7 OKTOBER 1955.

OPENINGSREDE DEUR DR. I.D. DU PLESSIS KOMMISSARIS VAN KLEURLINGSAKE.

Met hierdie inleidende woorde tot die eerste konferensie wat deur die sub-Departement van Kleurlingsake gereël is, wil ek nie veel tyd in beslag neem nie. Dis die konferensie-gangers se geleentheid om menings te lug en besluite te neem. Afgesien dus van die referente wat namens Arbeid, Grondbesit, Behuising en Volkswelsyn gaan optree, en van antwoorde wat hulle op vrae mag gee, sal die besprekings ná hierdie openingswoord in die hande van die konferensie-gangers wees.

Tòg is daar 'n paar sake wat ek by die begin van ons verrigtings wil aanroer:

Veral gedurende die afgelope vyftien jaar het die Suid-Afrikaanse soeklig op die Kleurlinggroep geval. Die Kommissie van 1937, die jaarverslae van die Adviserende Kleurlingraad, die Komitee van 1943 insake toestande op die Kaapse Vlakte en die Kommissie van Ondersoek na Drankmisbruik (1944) het 'n globale beeld van maatskaplike toestande onder die Kleurlingbevolking verskaf.

Nà hierdie ondersoekinge, met die daaruit vloeiende aanbevelings, is dit nou grotendeels 'n kwessie van implementering. Ek glo dan ook dat enige besluite wat hierdie konferensie mag neem, eerder 'n her-beklemtoning van behoeftes as 'n openbaring van nuwe behoeftes sal wees. Dit sal egter 'n her-beklemtoning wees deur lede van die Kleurlinggemeenskap self, deur onderwysers, sakemanne,

/kerkleiers .....

kerkleiers en leke wat uit alle dele van die land hier byeengekom het om hul saak te stel en op redelike wyse aan die owerhede oor te dra.

Dis hierdie maatskaplike probleme wat die arbeidsveld van die sub-Departement van Kleurlingsake, uitmaak, en by die aanvang van ons besprekings wil ek 'n aanduiding gee van wat in die eerste jare van ons departementele bestaan gedoen is:

Afgesien van die gewone bedrywighede wat die stigting van 'n nuwe afdeling van die staatsdiens vereis, moes landswye aanraking met die Kleurlingbevolking deur middel van besoeke verkry en 'n voorlopige beleid beplan word. Aan daardie beleid is in hierdie wordingsjare op die volgende maniere uiting gegee;:

Met die stigting van die Afdeling Kleurlingsake in 1951 was een van die doelstellings die skepping van 'n Staatsorgaan wat as skakel kon optree tussen die Kleurlingbevolking enersyds en staats- en ander owerhede andersyds. In hierdie hoedangiehdid is die Afdeling nie alleen die kanaal vir die voorlegging van vertoë aan ander owerhede ten behoewe van die Kleurlinggemeenskap nie, maar neem hy ook die inisiatief om aanbevelings te doen aangaande die verrigting en uitbreiding van dienste wat die verantwoordelikheid van ander owerhode is.

Met die uitvoering van hierdie skakeldienste, dus, handel die Afdeling met 'n groot verskeidenheid van onderwerpe, en sy werksaamhede dek 'n aansienlike terrein. Enkele aangeleenthede kan ek hier aanhaal:

Op ekonomiese gebied byw. beywer die Afdeling hom voortdurend om meer werksgeleenthede vir Kleurlinge te

/verkry, ........

verkry, nie alleen in die diens van die Staat nie maar ook op ander terreine. Dit is die beleid van die Regering om die Kleurlinggemeenskap sover moontlik deur sy eie rasgenote te laat bedien. Deur bemiddeling van die Afdeling is 'n aantal verantwoordelike poste vir Kleurlinge in die Staatsdiens geskep, bv. op die diensstate van die Spoorweg-administrasie, Poswese, my eie Afdeling, ens. Werksgeleenthede in ander Staatsdepartemente soos Polisie, Arbeid, Gevangenisse, sowel as die Provinsiale Administrasies, is ook heelwat uitgebrei.

In sy skakelhoedanigheid hou die Afdeling ook 'n wakende oog oor 'n verskeidenheid van aangeleenthede wat die Kleurlingbevolking raak. Hoewel die Afdeling nie verantwoordelik is vir die uiteindelike resultaat van sulke sake nie, word hy óf geken deur die betrokke departement wat daarmee belas is óf die Afdeling neem selfs die inisiatief in gevalle wat tot sy kennis kom en wat verbetering van toestande kan meebring. Uit die aard van sy funksies is dit vanselfsprekend dat die Afdeling hom nie met inwendige reëlings van ander afdelings of departemente kan inlaat nie.

Afgesien van die skakeldienste wat ek hier kortliks beskryf het, is die Afdeling ook verantwoordelik vir die administrasie van fondse wat deur die Staat beskikbaar gestel is vir die aanmoediging van kulturele- en sportbedrywighede onder die Kleurlingbevolking.

Benewens die geldelike ondersteuning wat verleen word, word spesiale sportleierkursusse ook gehou onder beskerming van die Afdeling en met geldelike steun van die Staat. U het seker al gehoor van hierdie kursusse

/wat .....

wat hier te Klaasjagersberg gehou word. Die eerste kursus is in Januarie 1953 gehou, en daarna in April 1953, Januarie 1954 en Januarie 1955, almal met goeie gevolg. Die vyfde kursus sal van 3 tot 10 Januarie 1956 plaasvind.

Al die nodige apparaat en ander toerusting word deur die Afdeling voorsien. Die oogmerk van die skema is om tydens die kursus die allerbeste deskundige sportvoorligting en afrigting tot beskikking van die kursusgangers te stel, sodat hulle later leiding met sport- en liggaamsopvoeding in hul eie gemeenskap kan verskaf.

Ten einde die Kleurling egter aan te moedig om sport onder sy gemeenskap self te organiseer, is 'n Kleurling-organisasie, bekend as (NAVAC), onder beskerming van die Afdeling, in die lewe geroep. NAVAC is nou verantwoordelik vir die organisasie van hierdie sportleierkursusse, maar word nog deur die Afdeling bygestaan. Indiwidue en sportliggame wat belangstel en wat by NAVAC wil aansluit, sal welkom wees.

Ek wil graag ook melding maak van die spesiale voorbereidingskema vir Kleurlingseuns wat volgende jaar deur die Afdeling geloods sal word. 'n Bedrag van £20,000 is op die begroting van die Afdeling bewillig vir hierdie skema. Die doel daarvan is om Kleurlingseuns na skoolverlating tot 'n mate voor te berei vir hul latere loopbane in Staatsbetrekkings, asook in private ondernemings.

Die kursus vir elke groep wat opgelei word, sal ongeveer ses maande duur en dit sal op 'n nie-militêre grondslag geskied. Dit sal nie tegniese opleiding insluit nie, maar sal gebaseer wees op algemene voorbereiding soos byv. liggaamsopvoeding, gesondheidsleer, dissipline ens. 'n Kleurling-prinsipaal, met 'n assistent, sal in

/beheer ......

beheer wees, en die kursusse sal hier te Klaasjagersberg gehou word. 'n Kort verduidelikingspamflet sal later aan belanghebbendes uitgereik word.

Wat Behuising betref: Sedert die stigting van die Afdeling is 140 dorpe en stede besoek, party van hulle meer as eenkeer, soos probleme van tyd tot tyd opduik. Met die plaaslike owerhede is onderhandel oor die verbetering van behuisingstoestande, en in die meeste gevalle het die afbakening van groepsgebiede, na aanleiding van voorstelle deur die plaaslike owerhede, ook ter sprake gekom. Naas die skepping van werksgeleenthede word behuising as die grootste behoefte beskou, en die Afdeling doen alles in sy vermoë om in medewerking met plaaslike owerhede en die betrokke staatsdepartemente die daarstelling van behuisingskemas te bespoedig.

Op landbougebied wil ek graag die volgende stappe noem wat in die afgelope paar jaar gedoen is: Sedert April 1952, toe die Afdeling die beheer van Sendingstasies en Reservate oorgeneem het, het die Afdeling die volgende verbeterings op, en hulp aan die verskillende gebiede bewerkstellig:-

| | |
|---|---|
| Oprigting van grensheinings en aanbring van grondbewaringswerke ter waarde van (Waarvan die rade ongeveer £3,000 bygedra het). | £22,000 |
| Lenings aan Kleurlingrade toegestaan | £6,850 |
| Ontwikkelingswerke op Eksteenskuil | £3,400 |
| Kapitale uitgawes ten opsigte van grond aangekoop vir Kleurlingnedersetting | £40,000 |
| Noodleniging aan Kleurlinge wat deur vloed getref is | £4,000. |

/Sedert .....

Sedert 1952 is dus 'n bedrag van £76,250 aan hierdie afdeling van ons werk bestee.

Met die aangroeiende bedrywighede van ons Afdeling kom daar ook toenemende medewerking van die kant van die Kleurlingbevolking. Gedurende die tydperk 1 April 1954 tot 31 Maart 1955, het 992 persone en 56 organisasies ons kantoor besoek, in vergelyking met 611 persone en 24 organisasies in die vorige jaar.

En waar ons nou hier bymekaar is om maatskaplike probleme te bespreek, wil ek, sonder om daarop in te gaan, aan konferensie-gangers die volgende vraag stel: Het die Kleurlingleiers - en hul leiers is meesal die onderwysers - in die verlede genoeg aandag aan hierdie algemeen-maatskaplike probleme gewy?

Ek glo dat as hierdie maatskaplike probleme met mening ook deur die Kleurlingleiers aangepak word, hulle die nodige samewerking sal verkry. Ons hoef net te dink aan wat die Kleurlinge in moeilike omstandighede bereik het: aan die stryd van party ouers om hul kinders respektabel te hou in 'n omgewing wat hulle dikwels dwarsboom, aan hul vasberadenheid om so veel moontlik te doen om die volgende geslag 'n bietjie verder te laat gaan as wat hulle self kon kom. Op sekere gebiede waarvoor hulle veral aanleg het, soos musiek, ballet en die toneelkuns, is reeds merkwaardige prestasies behaal: prestasies wat die daarstelling van fasiliteite vir verdere ontwikkeling ten volle regverdig.

Ek wil die versekering gee dat die belange van alle Kleurlinge deur ons Afdeling behartig word, ongeag die groep of klas waaraan hulle behoort. Dis in u eie belang om saam te werk in 'n sfeer soos deur die huidige

/konferensie ......

konferensie verskaf. Hier sal u mekaar en die blanke ontmoet in 'n^poging om 'n blywende bydrae tot die opheffing van u groep te lewer.

Tenslotte wil ek dit beklemtoon: Die heil van enige groep, net soos die van enige indiwidu, moet in die laaste instansie van binne kom: deur 'n drang wat alle moeilikhede te bowe gaan. Van buite af kan ons help en aanmoedig; maar die ware stukrag kan net deur u verskaf word. Hoe groot daardie stukrag is, en tot watter mate die Kleurling sy eie probleme deurdink het, is iets wat hierdie konferensie aan die land as geheel kan openbaar.

Ek glo dat ook die Kleurlinggroep, ten spyte van sy besondere moeilikhede, as gevolg van daardie drang tot selfverwesenliking, homself sal vind en in toenemende mate sy bydrae tot die patroon van ons land sal maak. Dis in daardie gees dat ons hier bymekaar kom, met die verwagting dat die besprekings tot vrugbare samewerking sal lei, tot voordeel nie net van die Kleurlinggroep nie, maar van die land as geheel.

## OPENING ADDRESS BY DR. I.D. DU PLESSIS, COMMISSIONER FOR COLOURED AFFAIRS.

In saying a few words of introduction to this conference, the first to be arranged by the Sub-Department of Coloured Affairs, I will not take up much time. This is your opportunity, as participants in the conference, to air your views and take resolutions. Apart from the speakers who will deliver papers on behalf of Labour, the Land Tenure Advisory Board, Housing and Social Welfare, and who may reply to questions, the discussions after these opening

/remarks ........

remarks will be the prerogative of those invited to take part in this conference.

There are nevertheless a few matters on which I wish to touch at the outset of the proceedings.

The Coloured community has, particularly during the last fifteen years, formed the subject of much enquiry in South Africa. The Commission of 1937, the annual reports of the Coloured Advisory Council, the 1943 Committee which inquired into conditions on the Cape Flats, and the Liquor Inquiry Commission (1944), have presented an overall picture of social conditions among the Coloured population.

As a result of these investigations and the consequent recommendations, it is now largely a question of implementation. I believe too that any resolutions that this conference might take, are more likely to be in the nature of re-emphasising needs rather than disclosing any new needs. Such re-emphasising will however, be done by members of the Coloured community itself, teachers, businessmen, church leaders and laymen who have come together here from all parts of the country to put their case and, in a reasonable manner, convey their views to the authorities.

It is these social problems which fall within the field of operations of the Sub-Department of Coloured Affairs, and I would like, at the commencement of our deliberations, to give an indication of what has been done in the first years of our existence on a departmental footing.

Apart from the usual activities which accompany the establishment of a new section of the Public Service,

/it .......

it was necessary to make contact, on a Union-wide scale, with the Coloured population by means of visits, and to plan provisional policy. That policy has, during the ensuing period of establishment, been given effect to in the following ways:

In establishing the Division of Coloured Affairs in 1951, one of the objects was the creation of a State organ which could act as the link between the Coloured population on the one hand and State and other authorities on the other hand. In this capacity, the Division not only serves as the channel for the submission of representations to other authorities on behalf of the Coloured community, but also takes the initiative in making recommendations concerning the carrying out and extension of services which are the responsibility of other authorities.

In the undertaking of these liaison services, the Division deals with a very wide variety of subjects, and its activities cover a considerable field. A few aspects can be mentioned here.

In the economic field, for instance, the Division strives continually to obtain more employment opportunities for the Coloured people, not only in the service of the State but also in other fields. It is the Government's policy that the Coloured community should, as far as possible, be served by members of that group. The Division of Coloured Affairs has been instrumental in securing the creation of a number of responsible posts for Coloureds in the Public Service, for example on the establishments of the Railway Administration, Postal Services, my own Division etc. Employment opportunities have also been increased in other State Departments such as the Police,

/Labour, .....

Labour, Prisons, as well as the Provincial Administrations.

The Division also in its liaison capacity keeps a watchful eye on a variety of matters that concern the Coloured population. Although not responsible for the eventual outcome of these matters, the Division is nevertheless accorded recognition by the particular Department, or the Division itself takes the initiative in cases which come to its notice and in which an improvement in conditions can be brought about. In view of the nature of its functions, the Division obviously cannot interfere in the internal affairs of other sections or Departments.

Apart from the liaison services which I have briefly mentioned here, the Division is also responsible for the administration of funds made available by the State for the encouragement of cultural and sporting activities among the Coloured people.

In addition to the rendering of financial assistance, special sports-leader courses are held under the auspices of the Division and out of funds granted by the State. You have doubtless already heard of these courses, which are held here at Klaasjagersberg. The first course was held in January, 1953, and thereafter in April, 1953, January, 1954, and January, 1955, all of them with gratifying results. The fifth course will take place from the 3rd to the 10th January, 1956.

All the necessary apparatus and equipment are supplied by the Division. During a course the best available advice on and coaching in different branches of sport, are provided for those attending the course, so that they will afterwards be able to give guidance and train members of their own community in the field of sport.

/In .....

In order to encourage the Coloured people to organise sport within their own community, a Coloured organisation, known as the National Association for Vacation Courses for Coloureds (NAVAC), has been established under the auspices of the Division. NAVAC is now responsible for organising these sports-leader courses, but is assisted in that respect by the Division. Sporting bodies and individuals who would like to join NAVAC, will be welcome.

I would also like to make mention of the special preparatory scheme for Coloured boys, which will be launched by the Division next year. An amount of £20,000 has been made available on the estimates of the Division for this purpose. The object of the scheme is to provide a measure of training for Coloured boys who have left school, in preparation for their future careers in the employ of the State as well as private enterprise.

The course of training for each group will last about six months, and it will be on a non-military basis. It will not include technical training, but will aim at general preparation, such as physical education, hygiene, discipline etc. A Coloured principal, with an assistant, will be in charge, and the courses will be held here at Klaasjagersberg. An explanatory pamphlet will be issued later to interested persons.

On the subject of housing - since the establishment of the Division, a total of 140 towns and cities have been visited, some of them more than once, as and when problems arise. Negotiations with a view to improving housing conditions, have been undertaken with the local authorities, and in most cases, following on suggestions made by such authorities, the question of the demarcation of group areas has also arisen. Next in

importance /importance .....

importance to the provision of employment opportunities, housing is regarded as the greatest need, and the Division is doing all in its power, in collaboration with local authorities and the State Departments concerned, to expedite the establishment of housing schemes.

In the field of agriculture, I would like to mention the following steps that have been taken in the past few years: Since April, 1952, when the Division assumed control over the Mission Stations and Reserves, it has effected improvements and granted assistance in the different areas to the following extent:-

| | |
|---|---|
| Erection of border fencing and construction of soil conservation works at a cost of (of which the boards contributed approximately £3,000) | £22,000 |
| Loans granted to Coloured boards | £6,850 |
| Development works at Eksteenskuil | £3,400 |
| Capital expenditure on ground purchased for Coloured settlement | £40,000 |
| Emergency assistance to Coloureds suffering flood damage | £4,000 |

Since 1952, an amount of £76,250 has therefore been spent on this portion of our work.

Accompanying this growth of the Division's activities, there has been increasing co-operation on the part of the Coloured population. During the period 1st April, 1954, to 31st March, 1955, a total of 992 persons and 56 organisations visited our office, compared with 611 persons and 24 organisations the previous year.

And now that we are gathered together here to discuss social problems, I would like, without elaborating

/on .....

on the subject, to put the following question to this conference: Have the Coloured leaders - and these leaders are mostly teachers - have they, in the past, devoted sufficient attention to these general social problems?

I believe that if these social problems were tackled in earnest by the Coloured leaders, they would receive the necessary co-operation. We need only give thought to what the Coloured people have achieved in difficult circumstances; to the struggle that some parents have to keep their children respectable in an environment that often obstructs them; to their determination to do as much as possible to enable the next generation to progress a little farther than they themselves have done. In certain fields for which they have a special aptitute, such as music, ballet and the theatre, they have made remarkable progress, progress which fully justifies the provision of facilities for further development.

I would like to give the assurance that our Division watches over the interests of the Coloured people, no matter the group or class to which they belong. It is in your own interests to co-operate in a sphare such as that provided by this conference. Here you meet eache other and the European, in an attempt to make a lasting contribution towards the upliftment of your people.

In conclusion I would emphasize that the salvation of any group, as of any individual, must in the last resort come from within; by the urge to overcome all difficulties. From the outside we can help and encourage, but the real driving-force can only come from you. The quality of that driving-force and the depth of thought which the Coloured has given to his own problems, are aspects which this conference will reveal to the country

/as .....

as a whole.

I do believe too that, in spite of its special difficulties, the Coloured group, as a result of that urge towards self-determination, will find itself, and in increasing measure contribute to the general pattern of our land. It is in that spirit that we have come together here, in the expectation that the discussions will lead to fruitful co-operation, to the benefit not only of the Coloured people, but of the country as a whole.

## BESLUITE GENEEM DEUR KONFERENSIE.

Arbeid: **ARBEID.**

1. Dat die Regering so spoedig moontlik geleenthede skep vir die aanstellings van klerke en bodes in die verskillende staatsdepartemente, maar veral in:
   - (a) Pos- en telegraafwese.
   - (b) Spoorweë.
   - (c) Volkswelsyn.
   - (d) Gesondheid.

2. Dat die loonskale ooreenkomstig moet wees met die aard van die arbeid wat verrig word.

3. Dat die Sub-departement van Kleurlingsake alle plaaslike owerhede in al vyf provinsies nader met 'n versoek dat kleurlinge deur hulle in diens geneem word as busbestuurders, klerke, maatskaplike beamptes, meterlesers, ens.

4. Dat hierdie konferensie die regering ernstig versoek dat in alle magistraatsdistrikte insluitende S.W.A., 'n kleurling welsynsbeampte aangestel word om kleurlinge te bedien en terselfdertyd te kan diensas skakel tussen die

/gemeenskap ......

gemeenskap en die magistraat en die regering en dat sulke beamptes 'n besoldiging sal ontvang wat sal help dat die waardigheid van so 'n betrekking gehandhaaf word.

5. Dat die masjinerie verskaf word waardeur die lone van plaas arbeiders vasgestel word deur proklamasie en dat die dopstelsel bepaald nie 'n deel moet uitmaak van die arbeiderslone nie.

6. Dat die mynwerkers in goudmyne 'n minimum betaling van £5 per week plus duurtetoeslag moet ontvang en dat 'n verlof van 14 dae per jaar met volle betaling aan alle mynwerkers toegestaan moet word.

Onderwys: **ONDERWYS.**

7. Die Sub-departement Kleurlingsake word beleefd versoek om ten opsigte van onderwysaangeleenthede in S.W.A. in te gaan sodat:

(a) kleurlingkinders op sesjarige ouderdom toegelaat word om skole by te woon.

(b) Onderwysers in die provinsie op 'n permanente basis aangestel word.

(c) Verpligte onderwys orals waar prakties, toegepas word.

8. Dat die onderwysdepartement versoek word om die minimum inskrywing van primêre skole te verminder na 10 leerlinge.

9. Dat die onderwysdepartement in die Transvaal versoek word om meer hoërskole vir kleurlingkinders op die Witwatersrand en Pretoria op te rig in die plek van primêre skole met sekondêre afdelings; en dat afsonderlike salarisskale vir hoërskoolonderwysers opgestel moet word; en dat aan die aanbevelings van die Nicol kommissie ten opsigte van gedwonge onderwys, onmiddellik aandag gegee word; en dat

/industrieële ....

industrieële skole vir seuns en dogters in Pretoria en Johannesburg opgerig word.

10. Dat die departement versoek word om behoeftige kleurlingkinders in plattelandse primêre skole te voorsien van of losies- of vervoer- of onderhoudstoelae.

11. Dat die onderwys departement versoek word om in dorpe en stede waar sekondêre- en hoërskole is, skoolsale en koshuise eers op te rig en dan die betrokke skole en gemeenskappe die kans gee om hulle deel af te betaal.

12. Aangesien die getalle dit regverdig word die onderwysdepartement versoek om 'n addisionele skool in Kimberley en een in Mosselbaai op te rig.

13. Dat waar getalle dit regverdig die onderwysdepartement in die Vrystaat versoek word om aandag te skenk aan die oprigting van sekondêre en hoërskole en dat die salarisse van Kleurlingonderwysers aansienlik verbeter word, met die oog op gelykvormigheid in alle provinsies; dat meer primêre skole hier opgerig moet word om te verhoed dat kleurlinge naturelleskole bywoon.

14. Dat die onderwysdepartement in Natal versoek word om meer primêre skole uitsluitlik vir kleurlinge op te rig; en dat 'n hoërskool te Ladysmith of Zoeloeland opgerig word en dat blanke hoofde in kleurlingskole vervang word deur kleurlinge.

15. Dat die Unie-Onderwysdepartement aandag gee aan die oprigting van ambag- en Tegniese skole vir die opleiding van die kleurling jeug en dat die opleiding beide tegnies en prakties van aard sal wees.

Algemeen: **ALGEMEEN.**

16. Dat die regering subsidies beskikbaar stel vir die opleiding van bibliotekarisse sodat daar voorsien kan word

/in ......

in die aanvraag van sulke mense.

17. Dat kleurling begeleiers vah prisoniere voorsien word van 'n 2de klas reiskaartjie.

18. Met die oog op die hoë lewenskoste word die regering dringend versoek dat die ouderdomspensioen dwarsdeur die land aansienlik verhoog word; en dat ongeskiktheidstoelae ook verhoog word.

19. Om te help dat jeugmisdaad suksesvol bestry kan word, word die regering versoek dat gemeenskapsentrums opgerig word.

20. Kongres bepleit die oprigting van oue-te-huise veral in stedelike gebiede.

21. Kongres versoek dat die drankwet sodanig gewysig word dat die verskaffing van drank, die voorsiening van drinkgeriewe en die verlenging van verkoopsure in al die provinsies op dieselfde basis sal wees.

22. Kongres bepleit die verskaffing van ordentlike drinkgeriewe in kroeë vir vooraanstaande toeriste en besoekers in Umtata.

23. Dat die regering versoek word dat die Drankwet sodanig gewysig word dat dranklisensies alleenlik aan kleurlinge in kleurlinggebiede uitgereik word en dat kleurlinge aangestel word op die plaaslike lisensierade.

24. Die regering word dringend versoek om aandag te skenk aan die oprigting van inrigtings vir dranksugtiges.

25. Dat hierdie kongres die Sub-departement kleurlingsake versoek om by die minister aansoek te doen dat verantwoordelike kleurlinge toegelaat sal word om gaspistole en vuurwapens vir eie beskerming aan te skaf.

26. Hierdie kongres versoek die sub-departement Kleurlingsake om vertoë te rig aan die departement van Volkswelsyn sodat onmiddellike en daadwerklike aandag geskenk sal word aan toestande waar kleurlinge en naturelle saam woon.

/Groepsgebiede ....

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

***PUBLISHER:***

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.